LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI

Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

4 Desember 2020

Geagte Ouers

Onderwys in die moderne tydsgewrig is dikwels ‘n uitdagende taak. Kompleks, veeleisend, omvattend en onvoorspelbaar. Alle beroepe het waarskynlik gedurende die afgelope 20 jaar in kompleksiteit toegeneem, maar min beroepe was aan groter veranderinge onderhewig as diè van die onderwys. Gelukkig het ons lewenslesse geleer en besef dat wanneer die druk hewig is, jy jou maar eers in derde en selfs tweede rat bevind. Dan besef jy dat daar nog ‘n rat is.

Die jaar 2020 sal vir baie jare in die geskiedenisboeke onthou word as die jaar waarin ons woordeskat geweldig uitgebrei het met woorde soos grendelstaat, protokol, saniteer en ontsmet. Covit-19 het uitdagende en drastiese veranderinge in die onderwyssektor meegebring. Vindingryke planne moes gemaak word om leerders tuis te onderrig en die veiligheid van leerders te verseker met hul terugkeer na die grendeltydperk. Virtuele lesse en maskers het deel van ons alledaagse lewens geword. Ons moes tuis bly en ma en pa moes die rol oorneem van die onderwyser. Dit is veral die Graad 7-leerders wat die impak op opwindende tye verloor het.

Ouers moet egter kinders toelaat om die lesse van die lewe te leer. In die geskiedenis van ons land is ons al deur verskeie groot krisisse van die lewe. Ek haal Tom Bodett aan. “The difference between school and life? In school, you’re taught a lesson and then given a test. In life, you’re given a test that teaches you a lesson.“ Ek sou graag Covid-19 se waardevolste lesse wat elke gesin geleer het, wil onthou. Die opbou van gesinsverhoudinge, geduld, die waarde van die onderwyser in die klaskamer en die waardering dat u nog steeds ‘n werk het. Het ons almal nie ons eie storie geskryf in 2020 nie?

PERSONEEL

Die belangrikheid van ‘n toegewyde en lojale personeelkorps en ondersteunende ouerkorps bepaal beslis die sukses van ‘n skoolomgewing. Baie dankie aan die personeel van Laerskool Park vir hul harde, lojale en toegewyde werk. Ons is geseënd met ‘n uiters bekwame personeelkorps. Ons vertrou dat almal lekker sal rus en 2021 met nuwe moed en ywer sal aanpak.

Mej Hancke-Marie Cronje in Graad - 5 en mev Natasha van Rensburg in Graad – R verlaat ons aan die einde van die jaar. Ons dank hulle vir getroue diens en lojaliteit teenoor Laerskool Park. Ons beste wense vergesel hulle op haar lewenspad. Graag verwelkom ons mev Marie du Plessis in Graad – 5 en mej Andrea Pace in Graad - R. Ons vertrou dat hulle gou hulle voete sal vind by Laerskool Park.

AFHAAL VAN RAPPORTE

Die uitdeel van rapporte gaan hierdie jaar om veiligheidsprotokol oor twee dae plaasvind, nl:

- Graad R en RR Maandag,14 Desember 2020 om 07:00 – 08:30
- Grondslagfase: Maandag,14 Desember 2020 om 07:00 – 08:30
- Senior fase Dinsdag,15 Desember 2020 om 07:00 - 08:30

Indien u dit nie self kan kom afhaal nie, moet u asseblief ’n briefie aan die klasonderwyser/es stuur om die nodige reëlings te tref of ‘n **gefrankeerde koevert** skool toe stuur sodat ons dit aan u kan pos. Gr.RR- tot Gr.7-rapporte word in die saal afgehaal.

DIE SKOOLJAAR 2021

Heelwat onsekerheid bestaan oor hoe die nuwe lewensjaar gaan afskop. Die jaar gaan presies dieselfde begin as waarmee die jaar eindig. Om 50% kapasiteit te handhaaf gaan die leerders weer die skool op alternatiewe dae besoek. Aangeheg vind u die rooster soos die dae daaruit gaan sien.

Groep 1 (A – L): Blou

Groep 2 (M – Z): Geel

INDELING VAN ROOSTER

	Week 1	**Datum**			27 Januarie	28 Januarie	29 Januarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies			Oriëntasie	Oriëntasie	Dag 5

Siklus 1	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	1 Februarie	2 Februarie	3 Februarie	4 Februarie	5 Februarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	8 Februarie	9 Februarie	10 Februarie	11 Februarie	12 Februarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5

Siklus 2	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	15 Februarie	16 Februarie	17 Februarie	18 Februarie	19 Februarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	22 Februarie	23 Februarie	24 Februarie	25 Februarie	26 Februarie
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5

Siklus 3	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	1 Maart	2 Maart	3 Maart	4 Maart	5 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	8 Maart	9 Maart	10 Maart	11 Maart	12 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5

Siklus 4	Week 1 van 10-dagsiklus	**Datum**	15 Maart	16 Maart	17 Maart	18 Maart	19 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 3
	Week 2 van 10-dagsiklus	**Datum**	21 Maart	22 Maart	23 Maart	24 Maart	25 Maart
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep	*Mense-regtedag*				
		Akademies		Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5

	Laaste week van kwartaal	**Datum**	29 Maart	30 Maart	31 Maart		
		Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
		Groep					
		Akademies	Dag 1	Dag 1	Dag 2		

SPORTOEFENINGE

Die skool het besluit om volgende jaar te begin met sportoefeninge middae en die vaardigheidsontwikkeling sal in skooltyd plaasvind. Die staatskoerant 43826 van 21 Oktober 2020 het 'n verslapping van sportoefening toegelaat. Daar moet egter aan alle saniterings-, veiligheidsprotokol en regulasies voldoen word. Dit behels verder dat geen kontak mag plaasvind met kontaksport tydens oefeninge nie en geen toeskouers word toegelaat nie.

Hoe atletiekbyeenkomste hanteer gaan word, is nog baie onseker daarom het ons die leerders blootgestel aan atletiek gedurende die vierde kwartaal. Leerders is reeds gesif in hul verskillende ouderdomsgroepe.

SKRYFBOEKPAKKETTE

U het alreeds die bestelvorm vir die skryfboekpakkette ontvang. Dit is uiters belangrik dat u die pakket vroegtydig direk by Stationary Warehouse (Voorbaai Commercial Park Unit 70 – 71, h/v Watson & Ballystraat, Voorbaai, Mosselbaai) bestel sodat u kind die eerste skooldag al sy/haar skryfboeke kan ontvang. Slegs boekpakkette wat betyds deur leerders bestel is, sal die eerste skooldag (27 Januarie 2021) by die skool afgelewer word deur Stationary Warehouse.

Vir u gerief sal Stationary Warehouse op Maandag, 14 Desember en Dinsdag, 15 Desember vanaf 07:00 – 08:30, tydens die uitdeel van rapporte in die saal beskikbaar wees vir bestellings. U sal ongelukkig net met 'n kaart kan betaal.

SKOOLURE 2021

Die skool heropen op Woensdag, 27 Januarie 2021, vir leerders. Aangesien ons nog steeds op 50 % kapasiteit skool mag bywoon en alle veiligheidsmaatreëls sal nog steeds volgende jaar geld, gaan **skandering om 07:00** soggens begin.

SKOOLURE 2021				
GRAADGROEP	**GR.RR en R**	**GR.1**	**GR.2 en 3**	**GR.4 tot 7**
Maandae tot Vrydae	07:30 tot 12:15	07:30 tot 13:00	07:30 tot 13:30	07:30 tot 14:00
www.parklaerskool.co.za				

BAIE DANKIE

OOV - vir al u harde werk die afgelope jaar. Dit is raakgesien en word baie waardeer. Alle funksies wat u gereël het, was van hoogstaande gehalte. U bydrae is van onskatbare waarde vir die skool. U maak ons trots!

BEHEERLIGGAAM - vir u toewyding en harde werk in belang van ons skool, ouers, leerders en personeel. U bereik nou die einde van jul drie jaar termyn. U het ingewikkelde prosesse uitstekend hanteer en tydens onderhoude bewys dat u die belange van die skool op die hart dra. U, as Beheerliggaam, het gegroei tot een van die suksesvolste komitees van Laerskool Park.

OUERS - vir u lojaliteit teenoor my en die skool. Dankie vir u ondersteuning tydens skoolfunksies en 'n spesiale dankie aan elke ouer wat ons op een of ander manier geborg het of by die afrigting van sport betrokke was.

BORGE - Baie dankie aan al ons borge vir hul getroue ondersteuning en positiewe gesindheid teenoor Laerskool Park. U bydrae dra beslis grootliks by tot die sukses van ons pragtige skool en leerders.

Totsiens aan alle ouers en leerders wat ons aan die einde van die jaar verlaat. Ons wens die Graad 7-leerders net die beste toe vir hulle hoërskoolloopbaan. Aan al die ouers wat Mosselbaai verlaat, wil ek die hoop uitspreek dat u aangename herinneringe sal koester.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

2030 NDP

STAY HOME
SAVE SOUTH AFRICA

January 2021

S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

February 2021

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28						

March 2021

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31			

April 2021

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	

May 2021

S	M	T	W	T	F	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

June 2021

S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

July 2021

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

August 2021

S	M	T	W	T	F	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31				

September 2021

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

October 2021

S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

November 2021

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30				

December 2021

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

	Weekends
	Days for administration
	School days
	Public holidays
	Special school holidays
	School holidays

Public and School Holidays 2021	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
22 March	Public holiday
02 April	Good Friday
05 April	Family Day
26 April	School holiday
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
16 June	Youth Day
09 August	National Women's Day
24 Septem-ber	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill

Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
(25) 27 January-31 March	10	46 (48)	1	45 (47)
13 April – 25 June	11	54	2+1	51
13 July – 23 September	11	53	1	52
05 October – 08 (10) December	10	47 (49)	0	47 (49)
Total	**42**	**200 (204)**	4+1	**195 (199)**

SEëNWENSE

Laastens, baie dankie vir u ondersteuning aan die skool en u kind gedurende hierdie baie besige jaar. Wees verseker dat ons meer en meer gaan voortbou aan ons skool se positiewe beeld en dat dit slegs tot voordeel van u kind sal wees.

Mag u en u gesin 'n ware Christusfees beleef gedurende die feestyd. Geniet die ruskans saam met u gesin. Ons sien daarna uit om u terug te verwelkom in 2021.

Vriendelike groete

Mnr. D.F. du Toit
SKOOLHOOF